Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

22 MEI 2022

09:30 OGGENDEREDIENS:
Student Willem v Heerden

Ons verwelkom Willem in ons midde en dien die Here graag onder sy leiding. Hy is in sy vyfde jaar van teologiese studies. Ons verwelkom ook proff Sarel van der Walt en Henk Stoker wat die optrede kom aanhoor.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 25 - 1: 1 en 2; Votum; Seën; Loflied: Ps. 103 - 1: 1, 2, 8 en 9; Apostoliese Geloofsbelydenis

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing as antwoord op die wet: Ps. 51 -1: 1 en 2; Gebed;

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Petrus 1: 1-9 (83-vertaling)
Teksverse: 1 Petrus 1: 3-5 (53-vertaling)
Sing: Sb. 1-1: 1,2,3 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawes by die deure (Diakonie = Groot boks/Zapper betaal-metode en vir TOPIA =Klein boks); Sing: Ps. 33 - 1: 1 en 11 (1ste melodie); Seën; Amenlied: Sb. 13-2.

17:00 AANDDIENS: Prof. Naas Ferreira

Tema: Moenie kortsigtig wees nie. Jy het reeds alles ontvang om nou voluit vir God te lewe.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 422: 1, 2 en 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 215: 1, 4 en 5; Votum; Seën; Loflied: Ps. 47-1: 1, 2 en 3; Gebed; Sb. 1-2: 1 en 2;

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 2 Petrus 1: 1-11; Woordverkondiging; Dankgebed;

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Ps. 48 -1: 1, 4 en 5; Liefdegawe by die deure; Seën; Amenlied: Sb. 13-3.

MEELEWING

- Douw Kruger se troosdiens was Vrydag en ons bid Heleen Kruger en Gretha Heckroodt die Here se troos toe.
- Roelf Kleynhans sterk aan na ‘n operasie.
- Ds. Piet en Rieëtte het albei Covid opgedoen en sterk tuis aan. Hy sal DV Dinsdag weer begin werk.
- Corrie du Plessis (Eva) het ook Covid opgedoen en sterk tuis aan.
- Charlene Scharpley se verloofde, Nico, het ‘n beroerte opgedoen en word steeds in die hospitaal behandel.
- Christa van Zyl is weer na haar operasie in die hospitaal opgeneem maar sterk nou weer tuis aan.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS GROET

Pierre en Wilma Viviers Hulle was vir langer as 40 jaar lidmate van ons gemeente en gaan hulle later in die Suid-Kaap vestig. Ons bid hulle alles wat mooi is toe.wat met attestaat vertrek na GK Middelburg (Kaap).

ONS VERWELKOM

Rochè Ras, getroud met Michelle Kruger-Ras, wat in die GKSA opgeneem word. Hulle woon op Plaas Gerhard Minnebron, groep 6.

BAIE GELUK

Dewald Coetsee het Suid-Afrika in Griekeland in ‘n wêreldskaakkampioenskap gaan verteenwoordig en algeheel 27 ste ge-eindig vir onder/14. Baie geluk Dewald!

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee en Bettie Niemand.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 11
Tee, koffie en kuier
17:00 Aanddiens

Maandag
18:00 Oosdopperfees

Dinsdag
Vleiswerk
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

Woensdag
Vleiswerk
17:15 Katkisasie gr 9
18:00 Katkisasie gr 10

Donderdag
Vleiswerk
18:00 Gesamentlike Hemelvaartdiens: GK Die Bult
17:00 “Griefshare”-program skop weer af – vergader in die Elim
19:00 Jongmense Zoom-Bybelstudie

Vrydag
Vleiswerk

Saterdag
09:00 Oosdopperfees

FOKUS OP PINKSTERSONDAG - GEBEDSWEEK

Ons vier op Sondag 5 Junie Pinksterfees waartydens ons die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Ons wil graag vanjaar in ons Woordbediening weer die fokus hierop laat val deur saam te dink aan elkeen van ons se persoonlike gebedslewe, asook ons gemeentlike bedieningsfokusse.

Die Here Jesus het immers gesê dat Hy sy Heilige Gees net skenk aan dié wat onophoudelik daarvoor bid.(Lukas 11: 13)

Ons fokusweek gaan bestaan uit die volgende elemente

1. **Vyf videos**

Ons gaan van Maandag 30 Mei tot Vrydag 3 Junie, vyf kort videos op YouTube plaas wat handel oor riglyne vir ons gebedslewe. Die temas wat in die videos bespreek gaan word is:

(1.) Noodsaak van geestelike groei.
(2.) Evaluering van geestelike groei.
(3.) Die praktyk van persoonlike gebed.
(4.) Die inhoud van persoonlike gebed.
(5.) Voorbidding vir ander.
(6.) Bonus: ‘n Gebedsdagboek vir die gesin.

Daar is ook dokumente wat deurgelees moet word. Die videos gaan op Facebook gelaai word. Diegene wat die Gebedskool aanlyn wil bestudeer kan die volgende skakel volg: teach2reach.teachable.com om te registreer.

2. **Kort byeenkoms**

Op Saterdag, 4 Junie gaan ons ‘n kort byeenkoms hou om hierdie videos te bespreek.

3. **Pinkstersondag: Prediking en Wapendraersbyeenkoms**

Op Sondag 5 Junie gaan ons dan ook weer tydens die erediens ‘n Wapendraerbyeenkoms hou waar daar voorbidding gedoen gaan word.

Kom ons bid nou reeds dat die Here hierdie gebedsfokus sal seën.

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir die Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir TOPIA (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure weer vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 26 en 27.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 22 Mei
Br Fanus Kruger
Jsr Lehani Vorster

Maandag, 23 Mei
Ds Pieter vd Walt *****

Dinsdag, 24 Mei
Sr Kaila Lamprecht
Br Barrie Langerak*****
Br Thomas Nel

Woensdag, 25 Mei
Br Michael Booyens

Donderdag, 26 Mei
Sr Elsa Grove
Sr Hannelie Pieters

Vrydag, 27 Mei
Br Jandré de Klerk
Sr Elize Schutte (van Petri)

Saterdag, 28 Mei
Sr Mariska vd Walt

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

OOSDOPPERFEES: 28 MEI

Die Oosdopperfees is hier!
Dinsdag begin die groot vleiswerk - kom help as jy kan asb! Jou beloofde skenkings moet asb nie later as more by die Skuur afgelaai word nie.

Die onderskeie afdelings kort nog baie hulp! Laat weet asb indien jy Saterdag iewers kan betrokke raak!

Baie dankie vir julle gebede en ondersteuning met hierdie projek!

Kontak Anelle 0765217696 vir nog resepte.

HUISGELOOF: SONDAG 29 MEI

VOORSKOOLSE JEUG
Pappas en Mammas is ook deur God gemaak en het 'n spesiale werk op aarde. Ons gaan praat oor pappas en mammas in die Bybel, hulle rolle (hoekom het ons pappa en mammas) en die doopbelofte.

LAERSKOOL JEUG
Hallo al die laerskoolmaats, is julle ook so vreeslik bly dat julle Mammas en Pappas het wat lief is vir julle en wat julle ook van Jesus en sy liefde vertel het? Mammas en Pappas is God se groot geskenk aan julle.
Kom leer volgende Sondag nog meer van hierdie groot geskenk van God en van Mamma en Pappa se belofte aan die Here. Dan gaan ons ook vir ons Mammas en Pappas 'n verrassing maak om dankie te sê vir alles (maar sjuut: dit is 'n geheim want dit moet 'n verrassing wees!). Moet dus nie vergeet om 29 Mei se huisgeloof by te woon nie – anders gaan jy al hierdie lekkerte mis!

HOëRSKOOL JEUG
Hoe ondersteun jou ouers jou om te 'cope'...
Doen hulle genoeg? 🤔
Hoe dink jy, kan hulle dit beter doen?
Jý kan ñ rol speel in ons openhartige gesprek!
Kom dink asb saam, terwyl ons lekker "hot chocolate" drink.

OUERTOERUSTING
Romeine 10: 14 - 15: Hoe kan kinders tot geloof kom as hulle nie die Woord by die huis hoor en in aksie sien nie? Onlangse navorsing toon dat 85% kinders later in hulle lewe terugval op hulle ouers se waardes en lewenswyse. Dus:

pappa en mamma: leef vir julle kinders Bybelse waardes en hulle sal daarin vaardig word in hulle eie lewe.

GKSA NUUS

Beroep aanvaar
Ds KP Steyn van GK Vredenburg/Saldanha na GK Port Elizabeth

Emeritering
Ds Theunis Potgieter van GK Port Elizabeth emeriteer aan die einde van Mei 2022. Ds Potgieter lewer sy afskeidspreek op 29 Mei 2022.

KENNISGEWINGBORD

- GK Cachet: Potjiekoskompetisie
- GK Kameeldrif Damesoggend
-

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

Susters: Elektroniese inbetalings

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mari Steyn en groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

TWEEDE KWARTAAL PROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
25-27 Mei	**Week**	**13:00 en 18:00**	**Naamlys**	**Oosdopperfees - vleiswerk - etes**
28 Mei	**Saterdag**	**09:00**	**Almal**	**Oosdopperfees**
5 Jun	Sondag	18:00	Blok B	Ouderlingverversings
11 Jun	Saterdag		Blok A	Nagmaalete

OOSDOPPERTJIES

GEVANGENE OORLEEF SKIPBREUK, SLANGBYT

MALTA - 'n Man wat onder polisiebewaking na Rome oppad is om daar deur die keiser verhoor te word op aanklag van opstokery, het die dood twee keer na mekaar vrygespring en word nou as 'n god beskou deur plaaslike inwoners.
Die man, ene Paulus van Tarsus, het wonderbaarlik aan die dood ontkom toe die skip waarop hy na Rome onderweg was, na 'n storm wat twee weke geduur het, op die rotse geloop het. Soos Paulus voor die ramp voorspel het, het al die passasiers en bemanning die ramp oorleef. Skaars het hy op die strand uitgespoel, of die tweede ramp tref hom: 'n dodelik giftige slang pik hom aan sy hand toe hy hout op die vuur wou gooi.
Die inwoners van die eiland was oortuig dat die man 'n moordenaar moet wees omdat die gode klaarblyklik vasbeslote was om hom te dood. Toe hy egter na 'n geruime tyd niks van die dodelike slangbyt oorgekom het nie, het hulle van mening verander. Hy word nou as 'n god beskou.
Uit agting vir hierdie vername besoeker het Publius, die hoof van Malta, besluit om Paulus en sy reisgenote op sy plaas te huisves totdat 'n nuwe passaat na Rome gereël kan word.
Lees hierdie verhaal in Hand. 28:1-10
Bron: Die Bybelkoerant - Jaco Thom

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

28 MEI - OOSDOPPERFEES DANKBAARHEIDSVORM (INHANDIG @ 22 MEI)

NAAM EN VAN: _____ **GROEP:** _____

SKENKINGS ↓				HULP ↓	
BESTANDDELE BENODIG (TOTALE HOEVEELHEID BENODIG, dui aan hoeveel jy kan gee asb)	DUI JOU SKENKINGS AAN: g/kg/L dos/pak bottel	**TUISGEMAAKTE ITEMS BENODIG & TWEEDEHANDS**	JOU SKENKINGS (+ hoeveel v elk)	**HULP BENODIG** (MERK WAAR JY KAN HELP)	✓
Botter/margarine (3kg)		Koue poedings		**KOMBUIS:**	
Konfyt		Warm gebakte poedings		Ontbyt	
"Streaky bacon" (9kg)		Aangemaakte Jellie		Kerrie & Rys	
Eiers (21 dos)				Boereworsrolle	
Vars piesangs (4kg)		Enkellaag koeke		Sosaties	
Vars tamaties (6kg)		Terte		Melkkos	
Uie (4 kg)		Tuisgemaakte konfyt		Lewerkoekies & krummelpap	
Blatjang (4 bottels)		Ingelegde items (groente/slaai)		Koeldrank	
Klapper (1kg)		Brode: Vars plaasbrood			
Rys (5 x 2 kg)		Gemmerbrood		**SAAL:**	
Ricoffie (750g x 4)		Piesangbrood		Koffie & Tee	
Gemaalde koffie (4kg)		Dadelbrood		Poeding en gebak	
'Expresso' gemaalde koffie (4kg)		Beskuit		**BUITE:**	
Tee: Gewoon 2 pakke		Kleinkoekies		Braai van vleis	
Tee: Rooibos 1 pak		Koeksisters		Mini Doughnuts	
Langlewe melk (24 L)		Skons/muffins/cupcakes		Aartappelkrulle	
Vars melk (10 L)		Gemmerbier		Pannekoek	
Kondensmelk		Kondensmelkspuite		Jeugtafel	
Suiker (20 kg)		"Lucky packets" (40)			
Kaneel (800g)		Tuisgemaakte lekkers		**BOEKE OASE:**	
Kookolie (12 L)				Prys & uitpak van boeke	
Palmolie (50 L)		**Storieboeke**		Verkoop van boeke	
Vermicelli (2 pakkies)					
Sjokolade: Wit (15 slabs)					
Sjokolade: Bruin (15 slabs)				**TWEEDEHANDSE KLERE:**	
Medium aartappels (42 kg)				**Verkope tydens vleiswerk:**	
Gekoopte vla (24 L)				Woensdag	
Ingelegde vrugte (500g x 10)				Donderdag	
Houtskool (50 kg)				Vrydag	
Swartsakke (5 rolle van 20)					

Kontant bydrae:	**R**	**Handtekening/eft: verwysing "Oosdopperfees"**
Leen gasbottels:	**(aantal)**	

Baie dankie vir almal se bydraes en bereidwilligheid om van ons Oosdopperfees 'n sukses te maak!